*Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.*

**Tema: Aanhoudend . . . wat ontmoedig en bemoedig ons geloof?**

**Skriflesing: Lukas 18:1-8**

## Broodjies vir die pad

"Keep a little fire burning; however small, however hidden."
— Cormac McCarthy, The Road

"Character consists of what you do on the third and fourth tries."
— James A. Michener

"Payattention. As a summation of all that I have had to say as a writer, I would settle for that. And as a talisman or motto for that journey in search of a homeland, which is what faith is, I would settle for that too."
— Frederick Buechner, Secrets in the Dark: A Life in Sermons

"You have as much laughter as you have faith."
— Martin Luther

"You cannot devote your life to an abstraction. Indeed, life shatters all abstractions in one way or another, including words such as "faith" or "belief". If God is not in the very fabric of existence for you, if you do not find Him (or miss Him!) in the details of your daily life, then religion is just one more way to commit spiritual suicide."
— Christian Wiman, Ambition and Survival: Becoming a Poet

"First of all, although men have a common destiny, each individual also has to work out his own personal salvation for himself in fear and trembling. We can help one another to find the meaning of life no doubt. But in the last analysis, the individual person is responsible for living his own life and for "finding himself." If he persists in shifting his responsibility to somebody else, he fails to find out the meaning of his own existence. You cannot tell me who I am and I cannot tell you who you are. If you do not know your own identity, who is going to identify you?"
— Thomas Merton

"Faith is a place of mystery, where we find the courage to believe in what we cannot see and the strength to let go of our fear of uncertainty."
— Brene Brown, The Gifts of Imperfection

**Onder die sand**

'n Nama-oorlewering
Die Here had min van sy dinge oor
toe hy die Richtersveld gemaak het;
net sand en klippers
en witgatbome.
En toe Hy afkyk in die leegte
wat Hy geskep het,
het Hy baie bedroef geword,
en sy trane
het diep in die sand geval,
die een na die ander:
elkeen 'n diamant.

*Hennie Aucamp*

"What you must realize, what you must even come to praise, is the fact that there is no right way that is going to become apparent to you once and for all. The most blinding illumination that strikes and perhaps radically changes your life will be so attenuated and obscured by doubts and dailiness that you may one day come to suspect the truth of that moment at all. The calling that seemed so clear will be lost in echoes of questionings and indecision; the church that seemed to save you will fester with egos, complacencies, banalities; the deepest love of your life will work itself like a thorn in your heart until all you can think of is plucking it out. Wisdom is accepting the truth of this. Courage is persisting with life in spite of it. And faith is finding yourself, in the deepest part of your soul, in the very heart of who you are, moved to praise it."
— Christian Wiman, My Bright Abyss: Meditation of a Modern Believer

"All the absurd little meetings, decisions, inner skirmishes that go to make up our days. It all adds up to very little, and yet it all adds up to very much. Our days are full of nonsense, and yet not, because it is precisely into the nonsense of our days that God speaks to us words of great significance—not words that are written in the stars but words that are written into the raw stuff and nonsense of our days, which are not nonsense just because God speaks into the midst of them. And the words that he says, to each of us differently, are "Be brave…be merciful…feed my lambs…press on toward the goal."
— Frederick Buechner, Secrets in the Dark: A Life in Sermons

"For what we need to know, of course, is not just that God exists, not just that beyond the steely brightness of the stars

there is a cosmic intelligence of some kind that keeps the whole show going, but that there is a God right here in the thick of our day-by-day lives who may not be writing messages about himself in the stars but who in one way or another is trying to get messages through our blindness as we move around down here knee-deep in the fragrant muck and misery and marvel of the world."
— Frederick Buechner, Secrets in the Dark: A Life in Sermons

## Hondjie se blaf én eetlus weg ná plaasmoord

*Dana Snyman*

Donderdagoggend klim ek in die bakkie en ry Waterval Boven toe waar die eerste een was.

Op Waterval Boven, eens 'n spoorwegdorp, rangeer lankal nie meer treine nie.

Jirder, meneer, wat gaan aan? vra 'n man voor die poskantoor en beduie vir my die pad Slaaihoek toe. Hy het vir Gideon Swart geken.

Gideon is die eerste van drie boere wat in die laaste twee weke vermoor is op hul plase in Mpumalanga, waar ek in die laaste ruk my kop neerlê.

Die pad Slaaihoek toe is moontlik laas geskrap kort voor Madiba in Francois Pienaar se Springbok-trui op Ellispark uitgestap het.

Ek voel na die indringer wat ek is toe ek die smal paadjie na die opstal afskommel. Die opskrifte en berigte in die koerant het vir my te veel geword. Gideon is met 'n skroewedraaier gesteek. Dood. 'n Paar dae ná hom is dr. Jesse Coleman, 'n veearts, op sy plaas naby Delmas vasgebind en geskiet. Dood. Etienne du Toit, die derde boer, is met 'n ysterpyp geslaan. Dood.

Die opstal is omhein en by die hek blaf 'n groot hond. Ruben, Gideon se broer, kom maak oop. Gee hy om om te vertel? vra ek. Hy kan nie eintlik vertel nie, sê hy met rooi oë sonder om dit te sê. Gideon het hier naby gewoon, 'n eenkantman wat nooit getroud is nie.

Camilla, Ruben se vrou, stap nader. Hulle het bekommerd geraak omdat hulle vir twee dae nie van Gideon gehoor het nie, toe ry hulle soontoe, toe lê Gideon daar op die grasperk en Gideon se hondjie, 'n yorkie, lê by Gideon. Gideon se selfoon, rekenaar en Nissan 1400-bakkie is gesteel. Die hondjie is nou hier by hulle, maar die hondjie wil nie eet nie en nie meer blaf nie. Wat is die hondjie se naam? Laika, sê Camilla. Sy weet nie of Gideon Laika vernoem het na Laika, die hond wat in 1957 deur die Russe in 'n vuurpyl die ruimte in gelanseer is nie – die eerste lewende wese in die buitenste ruim. Dit kan maklik wees, sê Camilla. Gideon was 'n belese man.

Dis daardie Nissan 1400 wat van Gideon 'n teiken gemaak het, sê Ruben. Daai ou bakkietjies is baie gewild. 'n Donserige veertjie het by my bakkie se venster ingewaai. Ek gee dit vir Camilla en sê dis 'n engel en ons omhels mekaar met die oë en Slaaihoek verdwyn in my truspieëltjie. Daar was nie 'n begrafnisdiens vir Gideon nie. Sy as sal iewers gestrooi word.

Ek is Laika in Spoetnik 2 op pad na Waterval Boven wat nou Emgwenya is, in die land waar 'n tweedehandse 1400-bakkie mense laat moor. In die Moederkerk van my hart hou ek 'n roudiens vir Gideon en al die vermoordes in die opskrifte in die koerant, maar ek het te afgestomp geraak om te huil.

By die winkel naby die poskantoor hou ek stil. "Together in our grief," staan op die Together Funeral Parlour se venter. 'n Man stap nader met bedelhande. "Ek't niks balans nie," sê hy en hou 'n vuilgevatte Capitec-kitsbankstrokie dat ek kan sien.

Ek het my balans ook verloor, dink ek, en vat na my beursie.

https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/dana-snyman-hondjie-se-blaf-en-eetlus-weg-na-plaasmoord-20221008

## Brood vir die pad

### Omgee wys in dié vleeslike gebare van gasvryheid

*RRV*

In sy boek Radical Hospitality: From Thought to Action (2021; geskryf saam met Melissa Fitzpatrick) bespreek die Ierse filosoof Richard Kearney 'n aantal vorme van gasvryheid.

Een van gasvryheid se vele gesigte noem hy vleeslike gasvryheid (*carnal hospitality*). Hiermee bedoel hy dat ons ook gasvryheid kan bewys deur sekere beliggaamde gebare soos 'n handdruk, 'n omhelsing of 'n teer aanraking. En dit kan selfs gebeur dat sulke gebare méér kan vermag as woorde. Soms is dit juis deur 'n gebaar dat daar vrede gestig word of 'n skuldbelydenis of vergifnis bemiddel word. In stede daarvan om na 'n wapen te gryp, word die hand gegee; in stede om 'n vuis te vorm, word 'n oop palm uitgehou.

Kearney se gedagtes oor vleeslike gasvryheid het onlangs weer by my opgekom met die lees van Faith, Hope and Carnage – 'n reeks boeiende onderhoude wat Seán O' Hagan met die Australiese rock-kunstenaar Nick Cave voer. Temas wat aangeraak word, sluit in Cave se jonger dae, sy vroeëre verslawing aan dwelms, sy musiek en lirieke, en sy verstaan van die kreatiewe proses. Maar ook sake soos godsdiens en geloof behoort tot die hart van dié boek.

Cave se 15-jarige seun, Arthur, is in 2015 dood toe hy van 'n krans in Brighton geval het. Dit het vir Cave en sy vrou, Susie, in diep rou gedompel. Daarom dat daar deurlopend in die boek na trauma en smart verwys word, en dit is veral duidelik dat Cave se verstaan van God en geloof ten nouste hiermee verweef is.

Iewers in die boek vertel Cave van die eerste keer ná Arthur se dood dat hy in die openbaar verskyn het. By 'n vegetariese wegneem-restaurant wat hy dikwels besoek het, het die vrou agter die toonbank hom soos al die ander mense behandel. Maar toe sy hom sy kleingeld gee, het die vrou – wat altyd vriendelik met hom was – sy hand op meelewende wyse 'n druk gegee. Cave is diep hierdeur geraak. In sy woorde: "It was such a quiet act of kindness. There was something truly moving to me about that simple, worldless act of compassion . . . Human beings are remarkable really. Such nuanced, subtle creatures."

In Kearney se uitdrukking sou ons die vrou se stille gebaar as 'n vorm van vleeslike gasvryheid kon sien. En op die hoopgewende krag daarvan kon let.

Op 'n vraag teen die einde van Faith, Hope and Carnage oor watter rol hoop in sy lewe speel, antwoord Cave dan ook heel betekenisvol: "Hope is in every little thing . . . Hope is optimism with a broken heart.

https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/sielsdinge/geestelike-waardes-omgee-wys-in-die-vleeslike-gebare-van-gasvryheid-20221008

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877